28 Mei 2017

09:00 Reformasie 500 reeks-erediens

Fay van Eeden

Genade alleen

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk!

Almal welkom!

18:00 Reformasie 500 reeks: Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr kategese)

Jakkie Strachan

Skrif alleen: Die Bybel is álles

19:00 Belydenisklas

"Reformasie 500" *Kleingroepe*

4 Junie 2017

09:00 Reformasie 500 reeks-erediens – Doop

Immanuel van Tonder

Eer van God alleen

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk!

Almal welkom!

09:30 Lynnwood oord Pinksterdiens

Ockie Raubenheimer

18:00 Pinkster & Pelgrimsgroepe (Snr kategese)

Ockie Raubenheimer

Geen belydenisklas a.g.v. eksamen

reformasie 500

Die aanvangsdatum vir die Protestanse Reformasie is 31 Oktober 1517. Dit is die datum waarop Martin Luther sy 95 stellings teen die deur van die Kasteelkerk in Wittenberg vasgespyker het. Dit is dus vanjaar vyfhonderdjaar gelede wat hierdie gebeurtenis plaasgevind het. Dit word dan ook vanjaar ooral in die Protestanse wêreld gedenk. Vanaf Sondagoggend 21 Mei word 'n reeks oor die Reformasie in Lynnwood aangebied. Dit sal oor ses geleenthede, wat Hemelvaartdag insluit, tydens die oggend- en aanddienste strek. Die temas wat aan die orde kom, is: die teologie van die kruis, Christus alleen, die geloof alleen, die genade alleen, die Woord alleen, en die eer van God alleen. Kom vier saam met die gemeente hierdie belangrike deel van ons geloofserfenis!

Almal word hartlik uitgenooi na die

Pinksterdienste

wat vanaf Sondag 4 tot Donderdag 8 Junie om 09:30 by Lynnwood Oord en 18:00 in die kerk deur Dr Ockie Raubenheimer gelei word (program ☞)

Gasvryheidsbediening nooi almal hartlik uit na 'n **Pinkstertee** volgende Sondag na die diens in Koinonia. Al die dames in die gemeente sal gedurende die week 'n sms ontvang vir eetgoed vir die Pinkstertee. U meelewing word opreg waardeer.

Nuwe Generasie

Baie dankie aan almal wat bygedra het tot en/of deel gehad het aan die sukses van ons Pizza-aand en verkope.

Die week se kalenderaktiwiteite

Maandag:	**Kerkraadsvergadering 19:00** (Koinonia).
Dinsdag:	**Bybelstudie 08:15** (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Immanuel van Tonder kom kuier. **Bybelstudie 08:30 (Kapel)** – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Tabita Naaldwerkklasse 14:00 (Kerksaal)** – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. **Nuwe Generasie Bybelskool 19:00 (Sjêk)** – Jakkie Strachan 084 547 1660.
Woensdag:	**Studente-selgroep 19:00 (Sjêk)** – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836 **"Young couples"-omgeegroep 19:00** – Fay van Eeden 083 478 0854.
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. **Jong Volwasse-omgeegroep** 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
Vrydag:	**Bybelstudie 08:15 (Kapel)** – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Gebedsgroep 09:30 (B5)** – Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Voorbidding:

Lynne Heydenrych (074 275 3862) – moeder, Helene, van Lynnwood Oord 77, oorlede.

Bewys van Lidmaatskap:

Elton en Carmen Wakeford, Neptunestraat 229, Erasmusrand, 072 737 2715.

Ettiene Botha, Riamapark 15, Hibiscusstraat, Bronkhorstspruit, 082 358 9876.

Pinkster 2017 | 4 - 8 Junie gelei deur Dr Ockie Raubenheimer:

Elke dag om 09:30 by Lynnwood Oord en 18:00 in die kerk.

Tema: DIE GEES GEE ONS VLERKE – HANDELINGE.

4 Junie: Vlerke vir God se plan (Hand 1).
5 Junie: Vlerke vir Gister, Vandag en Môre (Hand 2).
6 Junie: Vlerke om oor grense te gaan (Hand 10).
7 Junie: Vlerke om my geloof te verstaan en te leef (Hand 17).
8 Junie: Vlerke om aan te hou vlieg (Hand 20).

Kom geniet 'n koppie sop saam na die aanddiens.

Dankoffer: Oorweeg asb. biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr: 540 580 014 (gebruik asb. u Voorletters en Van as verwysing) of *SnapScan.*

Snap here to pay

SnapScan

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asb. ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

Die Kontak van dié week:

Die troos van Hemelvaart

Christene het net 'n paar feesdae op hul kalender; Kersfees, Goeie Vrydag, Paassondag, Hemelvaart en Pinkster. Van hierdie vyf is die viering van Hemelvaart seker die een wat die meeste afgeskeep word. Dit is die afleiding wat gemaak kan word op grond van die klein hoeveelheid mense wat landswyd die Hemelvaartdiens op 'n Donderdag bywoon. Hierdie dienste kry gewoonlik min aftrek. Dit was al so, ook in die tyd toe Hemelvaartdag 'n amptelike vakansiedag was. Dit is ons verlies, want Christus se hemelvaart het 'n ryke betekenis wat ook vir ons groot troos inhou.

Die boodskap van Hemelvaart antwoord die vraag: Waar is Jesus Christus nou? Ons glo God het in Jesus mens geword. Jesus het tydens sy omwandelinge op aarde wonderlike dinge vir mense geleer en gedoen. Hy het gesterf en ons glo Hy is uit die dood opgewek. Dit is alles goed en wel, sou ons kon sê, maar waar is hierdie Jesus nou? Hierop antwoord Hemelvaart: Hy is nie weg nie, Hy is by God! Die wolk waarin Jesus opgeneem is, en waarvan Handelinge 1 vertel, is in die Bybel dikwels 'n teken van God se teenwoordigheid, soos met Jesus se verheerliking op die berg (Matt.17:5).

So, Jesus is by God? Waar is dit? Dit? Dit is nie ver nie! Dit is sommer baie naby. Jesus het "opgevaar", nie om van ons af weg te kom nie, maar om naby aan elkeen van ons te wees. Ja, regtig! "Die Een wat neergedaal het, is ook die Een wat opgevaar het bo alle hemelruimtes uit om alles met sy teenwoordigheid te vul" (Efesiërs 4:10). Die verhaal wat na Jesus se hemelvaart in die boek Handelinge ontvou, vertel dan ook van Jesus se voortgesette nabyheid. So sien Stefanus, terwyl hy gestenig word, die hemel geopen en vir Jesus wat aan die regterhand van God staan (Hand.7). En Paulus, terwyl hy op pad Damaskus toe is om nog 'n paar Christene onder die klippe te steek, hoor 'n stem wat met hom praat. Toe hy navraag doen oor aan wie die stem behoort, kry hy die antwoord: "Ek is Jesus" (Hand.9:5).

Hemelvaart getuig van Jesus se afwesige nabyheid!

Dit is nog lank nie al nie. Hemelvaart beteken nie net dat Jesus op 'n nuwe manier by ons teenwoordig is nie, maar dat ons ook op 'n nuwe manier by God teenwoordig is. Hoe so? Ek wil die antwoord ver gaan haal, by 'n stuk ou wysheid (onder andere terwille daarvan dat ons vanjaar die Reformasie wat vyfhonderd jaar gelede plaasgevind het, vier). Een van die Reformatoriese belydenisskrifte, die Heidelbergse Kategismus, vra in vraag 49: "Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?" Hierop gee die belydenisskrif drie antwoorde. Die tweede lui: "… dat ons ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het…" Wat beteken dit?! Om iets hiervan te probeer verstaan, moet ons onthou Jesus het na sy volle mensheid uit die dood opgestaan en na sy volle mensheid opgevaar. "… he took our human life into the heart of God. It's an enormous assertion—that one human being representing all of us has entered into God's own life. Those paintings of the Ascension always portray Christ rising into heaven still bearing the wounds of the cross, the marks of his own life in the world. Christ takes his whole human life into God, and our whole life, too, including the suffering and confusion and wounds of our days… Ascension Day means that we have something to say to people haunted by worry and uncertainty. And our response is, Christ has gone up into God taking the burden of our life with him. That means that finally Christ's love will reign over all that exists, and our own struggles and pain are now being held in the heart of God" (S.T. Lloyd III). Aangrypend!

En glo my, daar is nog meer om oor Hemelvaart te vertel en te vier!

Groete

Eric Scholtz *(Namens die predikantespan)*

Lees gerus in die Kontak e-pos of webblad www.nglynnwood.co.za

EK BIED MY GAWE AAN:

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asb in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Gemeenskap

Skole: Langnaweek 16 (Jeugdag) tot 18 Junie 2017. Skole sluit 30 Junie 2017.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Vervoer: Lynnwood Oord-inwoners na Glenfair elke 3e Woensdagoggend – Heléne Coetzer 012 348 4790.

Lynnwoorde: Die Lynnwoorde is ons kerkblad vir en van almal in die gemeente. Stuur asseblief 'n artikel oor enige interessante en/of belangrike gebeure in die gemeente vir die redaktrise by rykie.snyman@telkomsa.net sowel as aan die kerkkantoor by kerkkantoor@nglynnwood.co.za. Alle bydraes word redigeer voor plasing in die blad en u hoef dus nie bekommerd te wees oor enige taalfoute nie. Kontak ook gerus die kerkkantoor indien u belangstel om in Lynnwoorde te adverteer.

Harmonie Oord Tuiste vir Bejaardes | "Skuiling in die stad": Veilige hawe vir serlfversorgende ouer persone. Ontbyt en middagete word verskaf. Enkel en dubbel kamers is beskikbaar. Gemeenskaplike waskamer waar inwoners self hul wasgoed kan was, 'n speletjiesvertrek, biblioteek, dienskombuise en aktiwiteite. 'n Bussie om inwoners te vervoer. Navrae: 012 440 3137 adminho@harmoniepark.co.za (www.harmoniepark.co.za).

Flaurana Senior Sorg: 24 uur mediese versorging, dagsorg, korttermyn vakansie sorg en veilige, liefdevolle omgewing. Navrae: 083 227 3370 of floraunaseniorsorg@outlook.com.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of
SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Waterprobleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of of e-pos customercare@tshwane.gov.za.